

## 5 Maart - DOGTERTJIE

**Skrifgedeelte: 2 Koning 5:1-6, 13-18**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 5:3**

**O**orlog is beslis een van die slegste en wreedste goed waarmee mense hulle kan besig hou. En die nagevolge van 'n oorlog is net so sleg en wreed. Hier lees ons van 'n jong dogtertjie wat deur die Arameërs ontvoer is, en sy het uiteindelik as bediende in die huis van generaal Naäman beland.

As jong dogtertjie, weggevat uit haar land en haar ma se huis, het sy seker goeie rede gehad om maar net haar werk as bediende te doen en niks meer nie. Naäman en sy vrou is buitendien heidene, en die Arameërs is menserowers, wat sal hulle tog van die Here van hemel en aarde wil weet?

Tog dring die Heilige Gees hierdie dogtertjie om na aanleiding van Naäman se melaatsheid die evangelie aan hierdie heidense egpaar te bring. Melaatsheid, soos alle ander siektes, is teken van die gebrokenheid in hierdie wêreld as gevolg van die mens se sondes. Maar hierdie dogtertjie ken die Here wat mense van hulle ellende kan verlos en van hulle siektes kan genees, en sy ken hierdie Here se profeet.

Wat 'n heerlike einde het die Here nie aan hierdie evangelieboodskap gegee nie. Naäman is verlos, nie net van sy melaatsheid nie, maar ook van sy sonde. In en deur Jesus Christus het hy ook die almagtige God as Vader ontmoet.

Dogtertjie en seuntjie van die Here, niks mag jou ooit keer om die evangelie te vertel nie. Wees waaksaam vir die geleentheid wat die Here jou gee om te vertel.

Pa en Ma, leer jou kind sodat sy en hy altyd gereed sal wees om van Jesus en sy genade aan ander te vertel.

*Sing: Psalm 8:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*